Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 22 AUGUSTUS 2024 OM 10:00**

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

**RAADSLEDE:**

Bess, D G (DA)
Booysen, A M (VF+)
Fortuin, C (ANC)
Gaika, M F (EFF)
Jooste, R J (DA)
Nel, M (DA)
Ngozi, M (ANC)
O'Kennedy, E C (DA)
Papier, J R (GOOD)
Pieters, C (ANC)
Pypers, D C (DA)
Soldaka, P E (ANC)
Van Essen, T (DA)
Vermeulen, G (VF+)
Warnick, A K (DA)
Williams, A M (DA)
White, G E (PA)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

## 1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede, amptenare en lede van die publiek.

Pastoor B van Wyk van die Christelike Sentrum, Malmesbury open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Raadslid M F Gaika word deur die Speaker geluk gewens met haar verjaardag op 18 Augustus.

## 2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle N Smit, I S le Minnie en B J Penxa.

## 3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

### 3.1 TERUGVOERING INSAKE DIE RAMP OP RIVERLANDS

Die Uitvoerende Burgemeester bevestig die tweede vloed wat op Saterdag, 17 Augustus plaasgevind het nadat die vierde dam se wal ook gebreek het. Al die waterpype wat na afloop van die vloed op Saterdag, 8 Augustus ingesit is, het met die tweede vloed weggespoel wat tot gevolg het dat die wateraansluitings langer kan neem.

Daar is druk op die Munisipaliteit om die werk so spoedig moontlik af te handel, aangesien Transnet ook moet begin met die herstel van die spoorlyn.

Die administratiewe proses om tenders in te win vir die insit van waterpype is reeds aan die gang.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die oorsaak van die tweede vloed toegeskryf kan word aan die werke wat by die vierde dam deur die Departement van Waterwese gedoen is, nadat daar spesifieke aan lg. bevestig is dat die uitloop wat Swartland Munisipaliteit geskep het, voldoende was om die damwal te beskerm.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die Raad baie trots kan wees op vrymoedige wyse waarop die Uitvoerende Burgemeester die gebeure op Riverlands aan die Premier se Koördineringskomitee oorgedra het. Die Uitvoerende Burgemeester het in belang van Swartland Munisipaliteit en die geaffekteerde gemeenskap van Riverlands opgetree.

**VIR KENNISNAME**

**4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 25 JULIE 2024**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd M Nel, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 25 Julie 2024 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

**5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

**5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 17 JULIE 2024**

**6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

**6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 17 JULIE 2024**
**6.2 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 25 JULIE 2024**

**7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen.

**8. SAKE VIR BESPREKING**

**8.1 GOEDKEURING VAN DIE GOP/ROR EN BEGROTING TYDSKEDULE (2/1/4/4/1)**

Die Uitvoerende Burgemeester moet ingevolge Artikel 21(1)(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) ten minste tien maande voor die begin van die begrotingsjaar 'n tydskedule aan die Raad voorlê

met sleutel sperdatums insake die hersiening van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) en begrotingsproses.

Die datums in die tydskedule word in 'n groot mate deur die sperdatums ingevolge die MFMA en die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 bepaal.

Die tydskedule is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl A M Williams)

Dat die aangehegte GOP-, ROR- en Begrotingskedule vir die hersiening van die GOP, ROR en die opstel van die jaarlikse begroting kragtens Artikel 21 (1) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, goedgekeur word.

**8.2 2025 VERGADERINGSKEDULE (3/4/2/1)**

Die konsep 2025 Vergaderingskedule is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

(a) Dat die voorgestelde vergaderingskedule vir 2025 aanvaar word;

(b) Dat die datums vir publieke insae in die plaaslike media gepubliseer word, asook op die munisipale webtuiste op ‘n halfjaarlikse basis;

(c) Dat elke raadslid van die finale skedule voorsien word;

(d) Dat die vergaderingskedule ook aan die Weskus Distriksmunisipaliteit, SALGA en die Provinsiale Departement van Plaaslike Bestuur voorsien word vir beplanningsdoeleindes.

**8.3 WYSIGINGS AAN DIE VOORKEURVERKRYGINGSBELEID (8/1/B/1)**

Die Raad het tydens die raadsvergadering in Mei 2024 die wysigings aan die Voorkeurverkrygingsbeleid goedgekeur na aanleiding van regulasies wat met ingang van 16 Januarie 2023 in werking getree het.

Een van die wysigings het behels dat daar voorkeur aan plaaslike kontrakteurs gegee moet word. Met die implementering van die beleid is egter gevind dat ‘n meer omvattende definisie van “plaaslik” nodig is om die misbruik deur kontrakteurs van hierdie bepaling te voorkom.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdd M Nel)

Dat die voorgestelde wysigings aan die Munisipaliteit se Voorkeurverkrygingsbeleid, soos uiteengesit in Bylaag B, met onmiddellike effek deur die Raad goedgekeur word.

**GETEKEN:**
**SPEAKER**